**Die ware Priesterkoning word gekruisig (OP252)**

**Joh 19:17-24**

**29 Maart 2026**

Laaskeer het ons ons bestudering van die Here Jesus se verhoor voor Pilatus afgehandel. Ons het geleer dat al die mense wat by die verhoor betrokke was, uitgesluit die Here Jesus, boos was – dit was waar van die soldate, Pilatus, Kajafas en ook die Jode. Dit is die algemene probleem van die natuurlike mens. Genadiglik was dit nie waar van die Here Jesus nie. Pilatus het wel na die Here Jesus verwys as "die mens" – maar Hy was meer as 'n mens – Hy was ook God. Hy was deeglik bewus van wat Sy Vader deur die gebeure wou bereik – daarom het hy gedring deur Sy liefde vir Sy Vader en Sy kinders dit alles deurgegaan. Boonop was Pilatus ook nog onder die wanindruk dat hy volmag gehad het om te besluit wat met die Here Jesus moet gebeur. Maar die realiteit was egter dat hy beperkte volmag gehad het, en boonop is die volmag wat hy wel gehad het, aan Hom gegee deur die Vader. Hy was egter maar net een rolspeler wat vir 'n kort tydjie op die toneel verskyn het – daarna was sy rol afgehandel. Die Vader het werklike volmag en het voortgegaan na Pilatus se rol uitgedien was. Hy het voortgegaan om Sy plan uit te voer – want sien, die Vader se plan het ten doel dat Hy alles aan Sy kinders wil gee: geregtigheid, heiligheid, heerlikheid en selfs die ewige lewe saam met Hom. Hiervan het Pilatus, Kajafas, die Jode en die soldate niks verstaan nie.

Vandag begin ons om na die kruisiging van die Here Jesus te kyk. Dit is seker die hoogtepunt van die verlossingsgeskiedenis. Ons staan hier as't ware op heilige grond.

Lees Joh 19:17-18. Ons lees dat die Here Jesus gekruisig is op Golgota. Golgota beteken Kopbeenplek. Daar is heelwat spekulasie oor hoekom die plek so genoem is. Een moontlikheid is dat die koppie die vorm van 'n kopbeen of skedel gehad het – maar ons weet nie verseker dat dit die geval is nie.

Johannes se beskrywing van die kruisiging is relatief kort. As ons sy beskrywing vergelyk met die beskrywings in die Sinoptiese evangelies is daar baie detail wat hy glad nie noem nie. In verse 17-27 verwys Johannes net na drie sake: die kennisgewing wat aan die kruis vasgemaak was, die soldate wat die Here Jesus se klere verdeel het, en die Here Jesus se woorde aan Maria en Johannes. Daarna lees ons net dat die Here Jesus gesê het Hy is dors, en ook "Dit is volbring!" – daarna sterf die Here Jesus. Johannes verwys nie na Simon van Cirene wat Sy kruis gedra het nie, hy verwys net terloops na die twee persone wat saam met die Here Jesus gekruisig is, hy verwys glad nie na die drie ure van duisternis nie, ook nie na die Here Jesus se worsteling in Godverlatenheid nie. Soos wat ons vroeër gesien het dat Johannes sorgvuldig gekies het watter wondertekens hy wel in sy evangelie beskryf het, kan ons ook nou verwag dat hy die gebeure tydens die kruisiging wat hy wel beskryf het, ook sorgvuldig gekies het.

Ek wil vandag net stilstaan by twee gebeure: (1) Die kennisgewing wat Pilatus aan die kruis laat vasheg het (v19-22), en (2) Die soldate wat die Here Jesus se klere verdeel het (v23-24).

<u>Die kennisgewing wat Pilatus aan die kruis laat vasheg het (Joh 19:19-22)</u>

Lees Joh 19:19-22. Dit was gebruiklik om die aanklag waaraan 'n gekruisigde skuldig bevind is, aan die kruis vas te maak sodat almal wat daar verbygaan kennis kon neem van die oortreding. Die kennisgewing wat Pilatus aan die Here Jesus se kruis laat aanbring het, was: "Jesus, die Nasarener, die koning van die Jode". Ons moet dus aflei dat, alhoewel die Jode tydens die verhoor ook die Here Jesus beskuldig het van Godslastering, was dit hulle oorspronklike aanklag voor Pilatus dat Hy gesê het Hy is die Koning van die Jode, waaraan Pilatus Hom skuldig bevind het. Pilatus wou waarskynlik

die Jode nog verder irriteer: Hulle het nie die Here Jesus aanvaar as die koning van die Jode nie, maar Pilatus se kennisgewing stel dit nou as 'n feit. Die Jode maak kapsie en stel voor Pilatus moet dit verander. Hulle voorstel is: "Moenie skryf, 'Die koning van die Jode' nie, maar dat daardie man gesê het, 'Ek is die koning van die Jode.'" Maar Pilatus hou voet by stuk: "Wat ek geskryf het, het ek geskryf."

Wat ons moet raaksien, is dat hier twee partye is en beide se harte is boos. Pilatus dink steeds hy is in beheer – hy kan besluit wat geskryf word. Die Jode wil steeds hê dit moet baie duidelik wees: Die Here Jesus is nie hulle koning nie. Maar nie een van hulle is in beheer nie. Die Here God is, en sonder dat Pilatus dit weet, alhoewel hy geskryf het wat hy geskryf het met twyfelagtige bedoelings, het hy die waarheid geskryf: Die Here Jesus is inderdaad die Koning van die Jode. Die Here God het dit so bewerk.

Ons het tydens die verhoor egter al geleer dat die Here Jesus nie 'n tipiese aardse koning is nie – immers Hy het van die hemel afgekom met die doel om Sy koninkryk dit vestig – dit is 'n ewige koninkryk, en dit is 'n wêreldwye koninkryk. Om te waardeer wat die Here God bewerk het met Pilatus se kennisgewing, moet ons die volgende onthou:

- Enersyds moet ons teruggaan op die Here se beloftes in die verlede: Aan Dawid het die Here God beloof dat daar Iemand uit Dawid se nageslag sal wees wat vir ewig op Dawid se troon sal sit, wat dus vir ewig op die Koningstroon van Dawid sal sit (2 Sam 7:11-15). Dawid was die Joodse koning – daarom is daardie komende Koning ook 'n Joodse Koning – hy sal kom uit Dawid se nageslag, dus 'n Koning wat uit die Jode sou kom. Daardie komende Koning is die Here Jesus. Daarom is Pilatus se kennisgewing so akkuraat: Die Here Jesus is die beloofde Joodse Koning.
- Maar ons moet ook ingedagte hou waarheen die Here God besig is om te werk. Die Here het baie meer mense in gedagte as net die Jode. Ja, Hy het begin om met die fisiese Joodse volk te werk, maar Hy is op pad om met baie meer te werk as net die fisiese Jode: Later leer ons dat die term "Jood" 'n baie dieper betekenis sou kry. Rom 2:28-29 sê: "Want om 'n Jood te wees, is nie iets uiterliks nie, en besnydenis is nie iets wat uiterlik aan die liggaam geskied nie; inteendeel, iemand is innerlik 'n Jood en besnydenis is iets van die hart, geestelik, nie letterlik nie." Kortom, 'n ware Jood is nie 'n fisiese Jood wat fisies besny is nie. 'n Ware Jood is innerlik 'n Jood en het 'n geestelike besnydenis van die hart beleef. Hierdie ware Jode kom uit alle volke, stamme, tale en nasies. En die Here Jesus is die beloofde Koning van hierdie ware, innerlik besnede Jode.

Natuurlik het die klomp Jode wat daardie dag by die kruis was, en ook Pilatus, niks hiervan verstaan nie. Maar steeds is die Here God nie klaar nie – steeds gebruik Hy Pilatus vir nog meer. Hy laat Pilatus die kennisgewing in Hebreeus, Latyn en Grieks skryf, en Hy laat die Here Jesus gekruisig word op 'n besige plek waar baie mense die kennisgewing kan lees. Die kennisgewing was in Hebreeus geskryf – die algemene spreektaal van die dag – so jan alleman kon dit lees. Dit was in Latyn geskryf – so die soldate en die lede van die Romeinse regering kon dit lees. Dit was in Grieks geskryf, so die handeldrywers en kultureles kon dit lees. Almal moet weet! Jesus die Nasarener, is die Koning van die Jode!

Met die Here Jesus se kruisiging sou Hy die duiwel oorwin. Hierdie kennisgewing van Pilatus was ook 'n waarskuwing oor die komende finale oordeel, waartydens hierdie selfde Koning sal optree en die parskuip van God se toorn teen al die bose magte sal trap en hulle finaal vernietig sal word. Op 19:6 beskryf vir ons wanneer dit gebeur, sal hierdie Koning se Naam geskryf wees op Sy klere, by Sy heup. En Sy Naam is: "Koning van die konings, en Heerser van die heersers".

Die punt is: Die Here Jesus is die Koning van die Jode wat beloof is. Maar Hy is die Koning van die ware Jode wat innerlik in die hart besny is. En Hy is ten diepste die Koning van die konings en die Heerser van die heersers..

Die soldate wat die Here Jesus se klere verdeel het (Joh 19:23-24)

Lees Joh 19:23-24. Die volgende insident wat Johannes beskryf is die verdeling van die Here Jesus se klere deur die soldate aan die voet van die kruis. Dit was die gebruik dat die soldate wat die kruisiging uitgevoer het, die gekruisigde se klere kon neem. Dit blyk daar was vier soldate teenwoordig. Hulle het die Here Jesus se bokleed onderling verdeel. Kommentatore reken dit het waarskynlik nie beteken dat hulle een kledingstuk in stukke verdeel het nie, maar eerder dat hulle verskillende stukke van die Here Jesus se klere verdeel het. Dit was waarskynlik Sy mantel, Sy gordel, Sy sandale en Sy hoofbedekking. Dit kan moontlik selfs wees dat hulle geloot het watter soldaat kry watter van hierdie 4 items. Maar daar was egter 'n vyfde kledingstuk: die Here Jesus se onderkleed, wat in een stuk geweef was. I.p.v. om dit in stukke te skeur en vir elkeen 'n deel te gee, het hulle besluit om eerder te loot sodat een van die vier soldate die hele onderkleed sou ontvang. Weereens, sonder dat die soldate bewus was daarvan, was hulle optrede 'n vervulling van Ps 22:19. Weereens kan ons nie anders nie as om waar te neem die Here God was ook hier in beheer.

Die vraag is egter: Hoekom het die Here vooraf aangekondig dat die Here Jesus se onderkleed deur loting uitgedeel sou word, en hoekom het Hy dit nou juis so laat gebeur? Wat moet ons leer uit hierdie gebeure? Ek is oortuig om werklik die waarde van hierdie gebeure te verstaan, moet ons op die volgende let: Die Here Jesus is naak gekruisig. Aan die voet van die kruis is daar vier soldate. Een van hierdie soldate het die Here Jesus se onderkleed ontvang – daardie onderkleed wat die Here Jesus se naaktheid bedek het, is aan hierdie soldaat gegee. Hy het dit nie verdien nie. Hulle het eenvoudig geloot. En toe was hy die een wat die onderkleed ontvang het. Daar was drie ander soldate wat nie die onderkleed ontvang het nie. En dit terwyl die Here Jesus naak aan die kruis hang.

Om dit alles behoorlik te verstaan, is ek oortuig ons moet na 'n paar ander dele in die Skrif gaan om ons te help. Kom ons begin deur na Op 19 te blaai. In Op 19:7-8 lees ons van die bruilofsfees van die Lam. Volgens vers 7 het die bruid haar spesifiek gereed gemaak vir hierdie bruilof. Let mooi op wat vers 8 leer: Die bruid, i.e. die gelowiges, het blink klere aan van suiwer fyn linne. Linneklere – soortgelyk aan die klere wat die priesters in die Ou Testament moes dra as hulle diens in die heiligdom moes gaan verrig. Let ook op die linneklere is vir die bruid, wat die gelowiges is, gegee. Terselfdertyd word ons geleer die klere is die regverdige dade van die gelowiges. Regverdige dade is natuurlik dade wat in lyn met God se wil is, dade waarin God behae het. Die blink klere van suiwer fyn linne is dus dade wat die gelowiges doen, maar terselfdertyd word dit ook aan die gelowige gegee. Die punt is: as iemand aan die bruilofsfees wil aansit, moet hy regverdige dade toon – dit is sy bruilofsklere. Alhoewel dit dade is wat hy moet doen, word dit ook aan hom gegee.

Blaai terug na Op 3:17-18 – hier lees ons van die brief van die Here Jesus aan die gemeente in Laodisea. Die gemeente in Laodisea was onder die indruk dat hulle skatryk is, en dat hulle niks meer benodig het nie. Maar intussen was hulle arm, blind en naak. Ons fokus nou net op hulle naaktheid. Die Here Jesus het hulle aangeraai om by Hom wit klere te koop, sodat hulle naaktheid en skande bedek kon word. Soos in Op 19 word naaktheid nie geduld nie – en hulle moet klere bekom – wit klere, want dit is wat gedra moet word na die bruilofsfees van die Lam. Maar let nou op waar hulle hierdie klere moet kry: Hulle moet dit by die Here Jesus kry.

Kom ons hou dit nou vas, en keer terug na die kruisgebeure in Joh 19. Die Here Jesus het naak aan die kruis gehang. Maar aan die voet van die kruis was daar iemand wat Jesus se onderkleed ontvang

het. Die soldate het die lot gewerp om te bepaal wie die Here Jesus se onderkleed sou ontvang. Dus: aan die voet van die kruis was daar iemand wie se naaktheid bedek was met die Here Jesus se onderkleed, terwyl die Here Jesus naak aan die kruis gehang het. Maar onthou nou wat ons uit Openbaring geleer het. Die klere wat naaktheid bedek, is regverdige dade. Hierdie klere of dade word aan die bruilofsgaste gegee. Hierdie klere of dade kom van die Here Jesus af. Geliefdes, is dit nie juis wat regverdigmaking is nie: my sondeskuld, my gebrek aan regverdige dade, my naaktheid word op die Here Jesus gelaai, en Sy geregtigheid, Sy regverdige dade, Sy klere word aan my toegereken! Die naaktheid van die soldaat aan die voet van die kruis word op die Here Jesus oorgedra, maar die Here Jesus se onderkleed, die Here Jesus se geregtigheid, oftewel die Here Jesus se regverdige dade, word op die soldaat oorgedra. Die persoon se sondeskuld, se gebrek aan regverdige dade word op Jesus gelaai, en hy ontvang die Here Jesus se klere, se regverdige dade. Let verder op: nie almal aan die voet van die kruis ontvang die Here Jesus se onderkleed nie – net die soldaat wat deur loting bepaal is. Daardie soldaat het dit nie verdien nie. Netso, nie alle mense word geregverdig nie, nie alle mense ontvang die Here Jesus se geregtigheid nie. Net die uitgesoektes wat die Here God deur uitverkiesing begenadig het! Maar let ook op – die uitgesoekte persoon aan die voet van die kruis ontvang die Here Jesus se volledige kleed – immers is Sy onderkleed nie geskeur nie. Die uitverkorenes ontvang volledige geregtigheid van die Here Jesus om hulle naaktheid volledig te bedek. Jy ontvang óf alles, óf niks. En dit is hierdie geregtigheid wat vir hulle die helder fyn blink klere gee om aan te trek na die bruilofsfees van die Lam.

Maar, geliefdes as ons die volle wonder wil begryp van wat hier gebeur het, is dit ook nodig dat ons teruggaan na Gen 2 en 3. Die gebeure in Gen 2 gebeur voor die sondeval. Op daardie stadium was Adam en Eva nog in ‘n werksverbond met die Here. Dit beteken die Here het aan hulle sekere opdragte gegee wat hulle moes uitvoer, en as hulle gehoorsaam hieraan was, sou hulle volle heerlikheid ontvang het. Nou, in Gen 2:25 lees ons die volgende van Adam en Eva: “Hulle twee was naak, die mens en sy vrou, maar hulle was nie skaam vir mekaar nie”. Die vraag is: Wat beteken die stelling: “Hulle twee was naak, die mens en sy vrou, maar hulle was nie skaam nie”? Gewoonlik word daar langs die volgende lyne hieroor geredeneer: Voor die sondeval was Adam en Eva nog sonder sonde, en dus totaal onskuldig. Weens hulle onskuld het hulle naaktheid geen verkeerde begeertes in hulle aan die gang gesit nie, en daarom was hulle geensins skaam nie. Ek is glad nie oortuig dat dit die essensie van die stelling aanspreek nie. Kyk na die volgende:

Die “maar” in vers 25 is nogal verrassend: Hulle twee was naak, <u>maar</u> hulle was nie skaam nie. Dit skep die indruk dat hulle skaam moes gewees het, en dat dit verrassend is dat hulle nie was nie. Wat ons oor moet wonder is: Was God se verwagting dalk wel dat hulle skaam moes gewees het oor hulle naaktheid?

Kom ons dink ook oor die volgende: Is seksuele begeertes tussen ‘n man en sy vrou verkeerd? Let op, vers 25 is baie spesifiek: dit handel hier oor die mens en sy vrou. Dis dus binne die huwelik. Eva is juis geskep as ‘n helper vir Adam. God het juis vir hulle die opdrag gegee om te vermeerder en te vul. Hoe moet dit gebeur? Deurdat hulle uiting moet gee aan hulle seksuele behoeftes. Dis ‘n wonderlike gawe wat deel van God se skepping is, en wat kardinaal belangrik is vir God om Sy doel met die skepping te bereik. Ek wil dus die volgende stelling maak: dit is geensins onvanpas vir ‘n man en sy vrou om nie skaam te wees as hulle naak in mekaar se teenwoordigheid is nie.

Maar onthou nou wat in Genesis 3 gebeur. Ons ken die geskiedenis. Die duiwel kom en verlei vir Eva om teen God se wil te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Een van die wortels wat die duiwel voor Eva hou is dat as sy wel sal eet van die boom van kennis van goed en kwaad, gaan sy soos God word deurdat sy ook beide goed en kwaad sal leer ken (Gen 3:5). Daar was waarheid in wat die duiwel gesê het – daar was waarheid in dat Adam en Eva beide goed en kwaad sou leer ken

as hulle sou eet van die boom van kennis van goed en kwaad – dit is hoekom die boom se naam was wat dit was. Tot op daardie stadium het Adam en Eva die goedheid van God belewe. Maar as hulle ongehoorsaam sou wees aan God se opdrag, gaan hulle ook leer wat kwaad beteken, en wat die gevolge van kwaad doen is. Nou, Eva het geëet. En Adam het geëet. Die verstommende is wat gebeur het toe hulle geëet het. Lees Gen 3:7: "Altwee se oë het oopgegaan en hulle het besef dat hulle naak is". Dis so erg, hulle werk terstond vir hulle vyeblare aanmekaar en maak vir hulle lendeskorte om hulle naaktheid te bedek.

Nou hoe moet ons dit verstaan? Die oomblik toe hulle ongehoorsaam was, het hulle besef hulle is naak. Ek vind dit ook onverwags. As ek na die sondegevalle wêreld kyk waarin ons leef, dan lyk dit vir my eerder asof 'n toename in sonde gepaard gaan met 'n afname in skaamte oor naaktheid. Maar hier gebeur presies die teenoorgestelde. Hulle was voor die sondeval naak, en nie skaam nie. Noudat hulle ongehoorsaam was, is hulle naak én skaam. En direk maak hulle 'n plan om hulle naaktheid te bedek.

Lees nou Gen 3:10: "Hy (d.i. Adam) het geantwoord: 'Ek het U in die tuin hoor beweeg, en ek was bang, want ek is naak; toe het ek weggekruip.'" Toe God hulle kom soek het, het hulle weggekruip. En hulle verduideliking aan God was dat hulle bang is, want hulle is naak. Dus, hulle is nie net skaam nie – hulle is nou bang ook. Maar hulle het tog al vantevore naak in God se teenwoordigheid gekom, sonder om skaam en bang te wees. Hoekom is hulle nou skielik skaam en bang?

Wat nog meer verstommend is, is dat God in beginsel saamgestem het dat hulle naaktheid 'n probleem is. Lees vers 21: "Die Here God het daarna vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en dit vir hulle aangetrek." Ons leer hier dat God vir hulle velklere gemaak het. Let op, hulle eie vyeblaarklere en lendeskorte was nie genoeg nie, die Here God maak vir hulle velklere. Nou, dit is sekerlik so: velklere is sekerlik meer duursaam as vyeblare. Maar hoekom maak die Here God nou skielik vir hulle klere? Hoekom het Hy nie reg van die begin af vir hulle velklere gemaak nie? Let ook op: Dit was die Here God, dit was dus die Verbondsgod, wat vir hulle velklere gemaak het.

Ek is oortuig dat die Here God besig is om baie meer te sê as wat ons op die oppervlak lees. Nou is dit nuttig om te onthou wat ons al vroeër geleer het oor klere en naaktheid. Onthou ook dat daar geweldige ontwikkeling plaasvind vanaf Gen 2 na Gen 3. In Gen 2 was Adam en Eva in 'n werksverbond – hulle moes hulle eie geregtigheid bewerk deur gehoorsaamheid aan die skeppingsopdragte. Hulle moes vermeerder en die aarde vul, hulle moes heers oor die diere en die aarde, hulle moes die aarde onderwerp, hulle moes die tuin bewerk, hulle moes die tuin bewaak, hulle moes elke sewende dag rus en besin waar alles vandaan kom en waarheen alles op pad is, en hulle moes nie van die boom van kennis van goed en kwaad eet nie. As hulle dit alles in onvoorwaardelike en gewillige gehoorsaamheid uitgevoer het tot op die punt dat God se doel met die skepping bereik is, i.e. tot op die punt dat die hele aarde tuin is en die hele die aarde gevul is met die heerlikheid van God, dan sou hulle hulle eie geregtigheid verdien het. Dan sou hulle ook fyn, helder, blink bruilofsklere ontvang het – welliswaar deur hulle eie verdienste – maar dan sou hulle ook toegang hê tot die Allerheilgste. Maar wat is die realiteit van hulle vordering teen die einde van hoofstuk 2? Wel, oënskynlik baie min. Daar is nog nie eens 'n kind nie. Die duiwel loop nog rond – hy kom selfs in die tuin in. Hoeveel klere van geregtigheid het al gerealiseer? Baie min. Daarom sê Gen 2:25 hulle was naak – naak in terme van 'n gebrek aan dade van geregtigheid. Wat nog meer hartseer is, is dat hulle nie skaam was oor hulle gebrek aan vordering nie. Ek is oortuig Gen 2:25 is veel meer 'n aanklag teen Adam en Eva, as dat dit 'n aanprysing is dat hulle ten spyte van hulle fisiese naaktheid nie skaam was nie. Die punt is hulle was naak, weens 'n gebrek aan regverdige dade – maar dit het hulle nie ontstel nie, hulle was nie skaam oor hulle gebrek aan regverdige dade nie.

In Gen 3 word die situasie nog meer tragies. Nie net is hulle nie aktief besig met die uitvoer van hulle skeppingsopdragte nie, hulle leen hulle ore uit aan die duiwel, en oortree God se opdrag. Maar die oomblik wat hulle dit doen, gaan hulle oë oop – en hulle word nie net skaam nie, hulle word ook bang. Bang vir wie? Bang vir God. Want, soos die duiwel gesê het: nou verstaan hulle skielik die konsep van kwaad. Hulle het doodeenvoudig God se opdrag oortree. En nou is hulle bang vir God se oordeel – God was baie uitdruklik oor wat hulle nou kan verwag – die dag wat hulle van die boom van kennis van goed en kwaad eet, gaan hulle beslis sterf. In plaas van om klere van geregtigheid te verdien deur in gehoorsaamheid dade van geregtigheid te verrig, was hulle ongehoorsaam. Skielik gaan hulle oë oop en hulle verstaan: God soek klere, maar hulle is naak. Daarom maak hulle hulle eie plan: Hulle werk vyeblare aanmekaar en maak vir hulle lendeskorte.

Maar, genadiglik, as Adam en Eva in sonde val deurdat hulle die bepalings van die skeppingsverbond oortree, rig God direk ‘n genadeverbond op. Ons gaan die genadeverbond nie nou in detail bespreek nie – maar ons weet van die Een uit die nageslag van die vrou wat sou kom en die kop van die slang gaan vermorsel. Maar terselfdertyd doen God nog iets: Hy maak vir Adam en Eva klere. God wil nie hê hulle moet naak wees nie. As hulle by die bruilofsfees van die Lam wil uit kom, het hulle klere nodig. In Genesis 2 moes hulle dit self bewerk. Nou, na die sondeval in Gen 3, onderneem God Hy sal dit doen. Hy gee vir hulle klere van vel. Direk is daar weer simboliek in – hierdie klere gaan ‘n geweldige prys vra om voorsien te word. Bloed gaan moet vloei – immers het God gesê die dag as hulle eet van die boom van kennis van goed en kwaad gaan hulle sterf. Ons weet uit die res van die Bybel dat daar ‘n Plaasvervanger sou moes sterf in Adam en Eva se plek. Ons weet baie diere se bloed het gevloei gedurende die Ou Testament as offers wat vooruit moes wys na die Here Jesus se eenmalige plaasvervangende dood toe Hy naak in hulle en in ons plek aan die kruis gehang het.

En dit is wat afgebeeld word met daardie gebeure aan die voet van die kruis. Die Here Jesus word naak gekruisig. En ‘n soldaat ontvang Sy onderkleed terwyl die Here Jesus se bloed aan die kruis vloei. Dit is waarheen daardie klere van vel in Gen 3 gewys het. Dit is wat afgebeeld word in daardie volledige onderkleed wat die begenadigde soldaat aan die voet van die kruis ontvang. En dit kyk vorentoe na die bruilofsmaal van die Lam waar al die gelowiges mag aansit met helder fyn blink wit klere, wat aan hulle gegee is deur die geregtigheid wat hulle van die Here Jesus ontvang het, omdat hulle naaktheid aan Hom toegereken is, omdat Hy in hulle plek naak aan die kruis gehang het, sodat hulle klere van geregtigheid mag dra wat Hy aan hulle gegee het.

Let verder ook nog daarop dat hierdie rol van die Here Jesus waar Hy ons ongeregtigheid op Hom geneem het, en Sy geregtigheid aan ons toegereken het, is natuurlik deel van die rol van die Here Jesus as die ware Hoëpriester.

<u>Samevatting</u>

Ek het vroeër die opmerking gemaak dat Johannes nie al die kruisgebeure in detail beskryf het nie. Ons het daarop gelet dat Johannes die gebeure wat hy wel beskryf het, waarskynlik baie spesifiek en doelbewus gekies het. En dit begin nou vir ons duidelik wat Johannes se einddoel is: Vandag het ons gesien dat Johannes twee rolle van die Here Jesus wou onderstreep: Terwyl Hy aan die kruis gehang het, was Hy die Koning – die Opperkoning, die Koning van die Konings. En Hy was ook die ware Hoëpriester wat ware geregtigheid bewerk het. Kortom, Johannes wil hê ons moet verstaan die Here Jesus is dié Priesterkoning. In die ander evangelies kry ons meer beklemtoning van die Here Jesus se lyding en worsteling aan die kruis, as hier in Johannes. Johannes wil die oorwinning van die Here Jesus se werk onderstreep: Al sterf Hy aan die kruis, is Hy die Koning. Juis omdat Hy sterf aan die kruis, is Hy die Hoëpriester. Hy is die Priesterkoning! Onthou Johannes se bedoeling met sy evangelie: Hy wil ons as die lesers oortuig die Here Jesus is die Christus, die Seun van God, sodat ons,

deur in Hom te glo, die lewe in Sy Naam kan hê. (Joh 20:31). Daarom leer hy ons die Here Jesus is die ware Priesterkoning.

Onthou hoe die Here in Eks 19:5-6 tydens die volk se verblyf by Sinai beloof het: As die volk Sy verbond nakom, sal hulle 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Wel, die Here Jesus het juis hiervoor van die hemel gekom. Hy is die Koning en die Hoëpriester. Almal wat in Hom glo, kan nou 'n koninkryk van priesters wees. Dit is hoe Petrus die gelowiges beskryf: hulle is 'n koninklike priesterdom (1 Pet 2:9). Daarom is dit geen wonder nie dat dieselfde Johannes in Op 1:5-6 skryf: "Aan Hom wat ons liefhet, en ons deur Sy bloed van ons sondes verlos het, wat ons 'n koninkryk gemaak het, priesters vir God Sy Vader – aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig. Amen."